



2 Tim 2:8-17a

# Die Gebabbel vs die Nuus

## Agtergrond

- Nadat ander medewerkers Paulus in die steek gelaat het op sy sendingreise, ontmoet hy die jong Timoteus wat sy getroue medewerker en protégé word. Teen die tyd dat Paulus hier in Rome in die tronk sit as deel van die vervolging van die Christene, val die mantel op Timoteus se skouers om die gemeentes verder te vestig en te bou.
- Ons moet onthou Paulus besef nie hy sit en skryf aan die Bybel nie. Hy skryf doodgewoon uit die hart aan 'n jong kollega terwyl hy kan aanvoel dat sy einde naby is. Onvermydelik vra hy homself af waarom alles nou eintlik gaan en of alles nou eintlik die moeite werd is. Dis asof hy ook vir Timoteus smee om te bevestig dat hy ook die waarheid van die Evangelie beleef. Amper 'n geval van "Dit is mos so, né Timoteus?"

## Diepte van veld

- Wat swaarkry en lewensoorwagings dikwels aan ons doen, is om fokus te gee. Die kaf word van die koring geskei – die belangrike en betekenisvolle van die onbelangrike en oppervlakkige, die musiek van die geraas. Prioriteite raak duidelik.



*Fotografie noem dit "diepte van veld" – die keuse van voorgrond vs agtergrond, in of uit fokus*

- Vir die Here se mense, so verduidelik Paulus vir ons, is daar 'n groot verskil tussen 'n gebabbel ("chatter", "small talk") en ware nuus (die woord "nuus" kom van "nuut" – nuus is dus wat werklik nuut is).

## Die Nuus

- "Nuus" (die *eu-angellion*, oftewel evangelie, goeie boodskap) die spesifieke transformerende gebeurtenis van Jesus se oorwinning van die dood met sy offerdood en onverwagse opstanding. In die gemeente aan wie Paulus skryf is daar dwaalleraars wat hierdie nuus afmaak as fopnuus en dan eindelose argumente voer, so asof 'n argument die ervaring van die nuwe lewe in Christus kan troef.

- Die nuus van die opstanding vertel vir ons die waarheid oor God, oor ons en oor ons wêreld, naamlik dat liefdeloosheid, sonde en die dood nie die finale sê het nie, maar die nuwe lewe in Christus. Dit het implikasies vir politiek, ekonomie, gemeenskap, omgewing, noem maar op.

## Die Gebabbel

- Hierdie uitdagende nuus wat skaamteloos uitbasuin en uitgeleef moet word, staan in skrilte kontras met die ander praatjies waartoe die kerk versoek word. Praatjies wat die nuus van die opstanding versag, afmaak en uiteindelik goedkoop maak. Daar word drie frases gebruik vir kerk-praatjies wat weerstaan, ontken, en die nuus ontduik.
- V 15 praat van “stry oor woorde” wat geen nut het nie en skadelik is. Ons weet nie waaroor nie. Kan wees oor morele of leerstellige kwessies of enigiets anders (soos die kleur van die mat, die begroting, personeel). ‘n Gestry asof daar nie ‘n aardskuddende ontwrigting van die alledaagse was deur die nuus van die opstanding nie.
- V 16 praat van “onheilige en sinlose praatjies” wat mens in goddeloosheid laat verval. Hierdie praatjies kan ook beteken skinder, kwaadpraat of net ‘n gebabbel oor niks. Die effek is kommunikasie wat nie ‘n verskil maak nie, wat leeg en goedkoop en sonder inhoud is.
- V 17 praat van woorde wat “voortvreet soos kanker” (of “gangreen”). Dit infekteer die denke, houding en hart van die kerk, steel die hoop van die opstanding en dreineer energie, waagmoed en vryheid om God se toekoms te ontvang.

- Die verkondiging van die wilde, oorfloedige nuus dat die opstanding alles verander, word verskraal tot ligte terapie sonder die uitdaging om te verander en tot instandhoudings-programme waar skaars bronne vir kortsigtige doelwitte aangewend word om die skip aan die dryf te hou.

## Terug na die Bron

- ‘n Kerk met gangreen-geselsies kan nie verwag om ‘n ernstige boodskap wat werklik ‘n verskil maak in die wêreld in te stuur nie. Die kerk se boodskap word dan verskraal tot rustige, godsdienstige “hysbak-musiek”. Dit sal net die sosiale konteks eggo, nie effektief waarsku nie en ‘n mak namaaksel van die Evangelie word. So ‘n kerk gaan maar net waar almal gaan.
- Verbeel jou, daarteenoor, as die opstandings-nuus krag en vryheid gee en mense nooi om te hoop, te vertrou en te investeer in die nuwe lewe. Dit is mos ‘n lewe wat nie net die meubels op die Titanic rondskuif nie, maar teruggaan na die bron, die fondament, die eerste beginsel van alles – dat Jesus die Opgestane Gekruisigde is en dat dit al die verskil maak.



*“Ek weet nie waarnatoe ons gaan nie, maar almal gaan soontoe, so dit moet goed wees”.*